

# Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

April 2021 Uitgawe 1



## Support for students

Allison Cooper

**G**overnment remains committed to ensuring that deserving students have financial support to continue with their studies.

The Minister of Higher Education, Science and Innovation, Dr Blade Nzimande, says government is firmly committed to providing fee-free higher education support to students from working and poor backgrounds, while putting a mechanism in place to support students from the 'missing middle' income bracket.

He adds the department and universities have agreed that fee increases for 2021 will be affordable but will still ensure universities remain sustainable.

### NSFAS shortfall addressed

A shortfall in funding for the National Student Financial Aid Scheme (NSFAS) for 2021 meant NSFAS was unable to communicate funding decisions to institutions and students entering public



universities for the first time. The Minister says funding has been reprioritised from the Department of Higher Education and Training's (DHET)

budget to ensure all deserving NSFAS-qualifying students receive funding support for 2021.

"NSFAS will be able to re-

lease funding decisions, and the registration process at public universities can continue as planned.

"No NSFAS-qualifying stu-

dents have been affected by these delays, as universities had agreed to extend the registration period to ensure that students without funding decisions would not be prevented from accessing a place that they qualify for."

He explains that NSFAS is working hard to finalise appeals so that students are not prevented from registering in time, and continuing students who meet the qualifying criteria have already been allowed to register.

NSFAS funding is provided primarily for students completing a first undergraduate qualification.

"In the past, NSFAS provided funding for some limited second qualifications in key areas. Students who are already funded on these programmes will be able to continue as long as they meet the academic criteria," says the Minister.

However, there is no funding available for new entrants on second or postgraduate qualifications.

"We will engage further

Cont. page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

### CONTACT US



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

**FREE COPY NOT FOR SALE**



## Tradisionele leiers van sleutelbelang tot herstpogings

**O**ns moes, in die afgelope paar maande, van twee van ons land se mees gesiene konings afskeid neem.

Die Zoeloe-nasie het onlangs Sy Majesteit, Koning Goodwill Zwelithini ka Bhekuzulu, wat vir 'n halfeeu regeer het, ter ruste gelê. Die Bapedivolk het in Januarie Kgoshikgolo Thulare Thulare III ter ruste gelê wat minder as 'n jaar na sy inhuldiging oorlede is.

Ons het, met hul afsterwe, kampioene van die bewaring van ons land se erfenis en die geskiedenis van hul onderskeie volke verloor.

Hulle het terselfdertyd ook wesenlik tot landelike ontwikkeling bygedra en was toegewy aan die steun van programme ter verbetering van hul mense se lewensgehalte.

Een van die nuwe regering se prioriteite, met die koms van demokrasie in 1994, was om die integriteit en regmatigheid van tradisionele leierskap in ooreenstemming met tradisionele wette en gebruike, en onderworpe aan die Grondwet van die Republiek, te hervestig.

Die tradisionele leierskapsinstelling speel steeds 'n belangrike rol in die lewens van miljoene mense regoor ons land, veral in landelike gebiede. Tradisionele leiers ondersteun en dryf ontwikkeling in hul gemeenskappe.

Ek het onlangs die geleentheid gehad om oor die debat van die opening van die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers deel te neem; dié debat het op die dringende kwes-

sies wat die land in die gesig staar, gefokus.

Wat juis besonders verfrissend van dié kragtige gesprekvoering was, was dat die tradisionele leierskap 'n besondere begrip van die moeilike ekonomiese toestand wat die land in die gesig staar het en graag deel wil wees van die poging om die uitdagings van onderontwikkeling en armoede in hul omgewings aan te spreek.

Ek het nog altyd gesê dat ons ekonomiese herstel na afloop van die koronaviruspandemie inklusief moet wees, en dat niemand agtergelaat moet word nie.

Die sukses van die ekonomiese herkonstruksie- en herstelplan rus op die smee van sterk vennootskapsbande tussen nie net die Staat, handel en arbeid nie, maar ook met tradisionele leierskap en ander gemeenskapsgroepe.

'n Deurlopende tema tydens die debat was dat tradisionele leiers nie van aalmoese nie vir hulle gemeenskappe afhanklik wil wees nie en ook nie wil hê hul gemeenskappe moet die heelyd van die regering se finansiële steun afhanklik wees nie.

Hulle wil die nodige steun, opleiding en bemagtiging hê om landelike gemeenskappe in staat te stel om selfversorgend te wees.

Hulle wil die stedelike-landelike skeiding, met betrekking tot staatsdienste en privaat sektorhulpbronne, oorbrug.

Hul wil graag sien dat landelike gebiede omskep word in spoelpunte van ekonomiese aktiwiteit, asook bedryfs- en werksgeleenthede. Dit weer-



spieël die doelwitte van die distriksontwikkelingsmodel (DOM) wat in 2019 geloods is.

Tradisionele leiers is goed geplaas om te verseker dat distriksplanne ingelig word deur en ook spreek tot die ware behoeftes van gemeenskappe en dat hulle die lewensrealiteite in landelike gebiede getrou weerspieël.

Tradisionele leiers het hul eie weg gebaan met hul eie benadering tot plaaslike ekonomiese ontwikkeling, net soos wat die DOM plaaslike programme ondersteun wat op die behoeftes, sterkpunte en geleenthede in spesifieke areas fokus.

Hulle het die InvestRural Masterplan ontwikkel wat laasmaand in die Noordwes geloods is. Dit is besonders bemoedigend dat tradisionele leiers hul gewig agter dié plan gooi en saam met plaaslike owerhede wil werk om die plan se sukses te verseker.

Daar is tydens die debat in die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers voorgestel dat een van die die vernaamste suksesfaktore

van die InvestRural-program sou behels dat tradisionele strukture opgelei, versterk en bevoeg gemaak word.

Van die deelnemers aan die debat het ekonomiese planne voorgelê wat reeds in gevorderde stadiums van ontwikkeling is. Dié planne behels onder meer landbouprojekte, bioprospesering en hernubare energie.

Dit was ooglopend dat die tradisionele leierskap begryp dat professionalisering noodsaaklik is vir landelike besighede soos klein-, medium- en makro-ondernemings asook koöperasies om deel van die hoofstroomekonomie te word.

Die tradisionele leiers wat toesprake tydens die debat gelewer het, het hul visie van 'ontwikkelingsheersers' bekend gestel, wat hulself nie net as die bewaarders van erfenis beskou nie, maar ook as drywers van ekonomiese vooruitgang en sukses. Hulle het verskeie projekte en ekonomiese geleenthede geïdentifiseer wat werkskepping en die lewensgehalte in landelike gebiede sal bevorder.

Tradisionele leiers het ook hul gewilligheid uitgespreek om 'n aktiewe rol in die grondhervormingsproses te speel. Tradisionele leiers het sedert 2018 ongeveer 1 500 000 hektaar gemeenskaplike grond beskikbaar gestel vir ontwikkeling en daar word gehoop dat dit in die toekoms nog meer sal word.

Ons het, ten einde 'n gekoördineerde en volhoubare strategie te ontwikkel, ooreengekom om in die komende jaar 'n presidensiële spitsberaad oor grond te hou. Dié spitsberaad sal dringende kwessies rakende grondhervorming en die impak daarvan op gemeenskaplike grond — waarvan groot dele in landelike omgewings geleë is — bespreek.

Die stemming van die debat in die Nasionale Huis was 'n gepaste weerspieëling van 'n klimaat waarin ekonomiese herstel bo aan die lys is. Dit was terselfdertyd 'n belowende teken dat tradisionele leiers hul waardering van hul rol as deel van die nasionale herstpoging toon deur proaktief en innoverend te wees.

Die mees gepaste nalatenskap van groot leiers is dat die saadjies van ontwikkeling wat hulle tydens hul bewind saai, uiteindelik groei tot groot, sterk bome wat hul gemeenskappe veilig hou en koester vir nageslagte daarna.

Ons sal, namate ons as nasie saam inspan om ons ekonomie te herbou, steeds op die tradisionele leierskapsinstelling staat maak, aangesien dit 'n onomwonde deel van ons verlede, ons hede en ons toekoms is. **V**



# Get help for your child

**IT'S NOT ONLY ADULTS** who suffer from depression, children can experience it too.

**Silusapho Nyanda**

**P**arents with depressed children must not despair. While depression is a serious mental health condition, it is curable with the right treatment.

The mood disorder may cause distress and is indicated by a persistent feeling of sadness or a loss of interest in life that leads to behavioural and physical symptoms.

According to clinical psychologist Dr Marcia Zikhali from the Gauteng Department of Social Development, it is normal to feel sad sometimes.

Depression is when one feels sad most of the time, which can lead to suicidal thoughts.

"Depression can be triggered by a medical illness, stressful or traumatic events, substance use or the loss of an important person," she says.

It affects adults and children differently. While a child will often withdraw from the adults in their life, they continue to socialise with their close friends.

A depressed teenager may experience changes in sleeping patterns and will, at times, express their feelings through anger and irritability.

"Although some children may continue to do reasonably well in structured environments, most children with significant depression will show a noticeable change in social activities, a loss of interest in school, poor academic performance or a change in



appearance.

"Children may also start using drugs or alcohol, especially if they are over the age of 12," says Dr Zikhali.

There are many signs of depression in children, some of which are:

- Irritability, tantrums or excessive aggression or anger.
- Self-isolation.
- Decreased interest in

favourite activities.

- Low self-esteem.
- Changes in appetite.
- Difficulty concentrating.
- Low energy levels.
- Feelings of worthlessness or guilt.

Parents can help their children by talking to them about what is happening in their life.

"Establish open communication before there are any

concerns. Then, if concerns arise, they will be comfortable talking to you about what's going on.

"Young children often have difficulty putting feelings into words and may feel ashamed or embarrassed about depression. Parents should convey their concerns and ask questions in a loving, supportive way," says Dr Zikhali. **U**

Parents can seek help from a mental health professional, who can determine the best treatment for the child. Contact your local clinic or hospital or the South African Depression and Anxiety Group at **0800 456 789** or send a WhatsApp to **076 882 2775**. For suicide emergencies, call **0800 567 567**.

## Help om lewens te red

**Allison Cooper**

**D**ie Sonneblomfonds doen 'n beroep op alle Suid-Afrikaners om die etniese diversiviteit van die organisasie se bloedstamselskenkersdatabasis 'n hupstoot te gee en só kinderlewens te red.

Volgens Palesa Mokomele, die Sonneblomfonds se hoof van bemerking en kommunikasie, word daar jaarliks duisende pasiënte met bloedverwante siektes gediagnoseer.

Sulke diagnoses was in die verlede dikwels as 'n doods-vonnis beskou, maar vandag kan bloedstamseloorplantings as lewensreddende behandeling dien aangesien

dit die persoon se defektiewe stamselle met gesonde stamselle vervang.

Baie pasiënte wie sou kon baat by dié prosedure ontvang ongelukkig nooit die behandeling nie, omdat dit so moeilik is om 'n gepaste skenker met 'n soortgelyke weefseltipe te vind.

"Gekleurde pasiënte word benadeel deur die kleiner aantal geregistreerde skenkers vanuit die swart-, gekleurde en Indiërbevolkingsgroepe," sê Mokomele.

### 'n Tweede lewenskans

Zyaan Makda (19) se wêreld is deurmekaar gekrap toe sy in 2007 met heterosigotiese hemoglobienopatie, 'n lewensgevaarlike en ongeneesbare



**Zyaan Makda se lewe het, te danke aan 'n skenker se hulp, 'n ander weg ingeslaan.**

bloedsiekte, gediagnoseer is.

Haar beste kans op oorlewing was 'n bloedstamselskenker, maar 'n gepaste skenker kon nie gevind word nie. Sy moes gevolglik elke twee weke 'n bloedoortapping ondergaan.

"Die are in my hande het platgeval en ek moes 'n port in my bors laat inplant. Ek was die heelyd vreeslik moeg, my galblaas en galstene moes verwyder word en my skildklier was onderaktief. Ek was dikwels om mediese redes afwesig van skool en ek kon nie aan enige sportsoorte

deelneem nie. Dit was moeilik om lang tydperke aaneen in die hospitaal te spandeer," vertel sy.

Makda se toestand het ook geheueverlies en stuipe veroorsaak, en sy het drie skooljare gemis. Sy het, ten spyte van al dié uitdagings, positief gebly. Makda het uiteindelik 'n skenker gevind, maar haar gesondheidsreis was nog ver van verby. Sy moes breinsjirurgie ondergaan om 'n litteken op haar brein te verwyder.

"Dit is nou drie jaar sedert die oorplanting en ek leef 'n

lewe wat ek nooit gedink het moontlik sou wees nie, alles danksy my Duitse skenker se asemrowende onbaatsugtigheid en goeie daad."

### Skep hoop vir iemand

Naledi Senamela (14) is in Mei 2020 met leukemie (bloedkanker) gediagnoseer. Sy is een van duisende pasiënte wat 'n gepaste skenker benodig.

"Ek kan sedert my diagnose nie meer goed presteer in my skoolwerk nie. Ek kan nie aan sport deelneem of die dinge doen wat ek voorheen geniet het nie," sê Senamela, wat daarvan droom om eendag 'n dokter te word.

Gewillige skenkers tussen die ouderdom van 18 en 55 kan Senamela en baie ander mense wat skenkers benodig, help deur op die Sonneblomfonds se webwerf te registreer. Dit neem 'n paar minute en verg 'n eenvoudige watterpluisie. Versoek 'n depperstel by die Sonneblomfonds deur [www.sunflowerfund.org](http://www.sunflowerfund.org) te besoek of 0800 12 10 82 te skakel. **U**